


*Towerlantern Fotografie*

# fotografienuus

augustus 2017



*Die herfs brand!*

Ons is in die winter, verby die pragtige herfs van die afgelope maande. Maar die herfs brand as't ware nog in ons geheue, soos die foto hier wil wys. Nou is daar weer ander foto-uitdagings: winter- of vroeë lente-uitdagings.

Die huidige eerstevlak-fotografiekursus waarmee ons tans besig is, is reeds kursus nommer 40. Daarmee het ons by 'n groot mylpaal gekom, naamlik dat Towerlantern Fotografie in hierdie jaar reeds 10 jaar oud is. Lees verderaan meer daaroor.

Gebeur dit soms dat jy 'n toneel sien, dit fotografeer en dan is jy teleurgestel met die produk? Het jy gedurende die afgelope maande herfsfoto's geneem en dan "sê" die foto nie wat jy voel nie. Waar lê die fout? Kort daar iets? Ons wil in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* 'n paar opmerkings in verband met hierdie frustrerende saak maak.

En as jy wonder oor kreatiwiteit-oefeninge, ons komende foto-uitstalling en ons volgende gevorderde kursus, dan moet jy beslis verder lees. Geniet hierdie uitgawe!

# Towerlantern Fotografie *tien* jaar oud!

Dit is met vreugde en dankbaarheid teenoor die Here dat ons kan noem dat Towerlantern Fotografie nou reeds 10 jaar lank sy deel in Potchefstroom doen om belangstellendes meer te leer van fotografie.

Dit het aanvanklik op klein skaal begin en algaande groter geword. Ons noem graag 'n paar hoogtepunte van hierdie 10 jaar:

2007	Eerste aanbieding van die eerstevlakkursus
2008	
2009	Begin van gevorderdevlakkursusse
2010	Begin van <i>Kom kyk saam foto's &amp; Kom neem saam foto's</i>
2011	
2012	<i>Fotografienuus</i> kom van die grond af Die jaarlikse foto-uitstallings begin
2013	
2014	
2015	
2016	Towerlantern Facebook-blad (onderrig) begin Eerstevlak-aanlynkursus kom op die lug
2017	Gevorderdevlak-aanlynkursus kom aan die gang

Die wonderlikste van die hele onderneming is die groot hoeveelheid fotografie-vriende wat ons in hierdie tyd leer ken het. En daarby kom die feit dat ons, Johan en Johann, van die begin af die klasse saam kon aanbied en dit steeds nog saam kan doen. My dank aan al die vriende en in die besonder aan Johann.

Verder, en dit is baie belangrik, my dank ook aan Sienie wat altyd in die agtergrond, of in die openbaar, gehelp het, en steeds help (baie kursusgangers onthou die kursusse veral oor Sienie se beskuit!).

Ook Fransa moet bedank word vir die baie kere se bladuitleg- en ander rekenaarwerk; selfs een keer se hulp met die aanbied van 'n klas toe dié klas uit sy nate wou bars. En in die meer onlangse tyd toe die twee aanlynkursusse in pdf-formaat aan die gang moes kom. Die foto hier vertel iets van dié verhaal.

Saamgevat: Baie dankie aan almal.



---

# Kreatiwiteit

Kreatiwiteit behoort altyd een van die groot oogmerke te wees by die neem van foto's. Soek dus voortdurend na kreatiwiteit-uitdagings.

Hier is een so 'n uitdaging om mee te speel. Stel jou kamera in 'n mooi struik of bos op en neem foto's op verskillende fokusafstande (of fokusvlakke). Hiervoor moet jy 'n drie-poot en groot lensopening gebruik. Gedurende die fotosessie mag jy net die fokussering verander (en natuurlik ook die sluiterspoed vir 'n korrekte beligting).

Die reeks herfsfoto's hierby illustreer die idee. Vir hierdie foto's is die kamera glad nie verskuif nie – die toneel het die heel tyd onveranderd gebly en daar is vier verskillende fokusvlakke gebruik.



Die tegniek wat hier beskryf word as 'n kreatiewe oefening, het ook 'n besondere toepassing in die praktyk.

Voer daarvoor die volgende gedagtespeletjie uit: Jy staan voor 'n toneel waardeur jy kan kyk, byvoorbeeld 'n yl kleurvolle struik. Jy neem 'n reeks van 100 foto's by 100 opvolgende fokusvlakke van voor die struik tot agter die struik. Dié 100 foto's druk jy uit op transparantvelle. Deur hierdie 100 foto's op te lyn en aan mekaar vas te "gom", verkry jy 'n driedimensionele foto (noem dit 'n fotogram) van die struik.

Dit is die basiese beginsel van die vakgebied tomografie wat toepassings het in verskeie wetenskaplike gebiede, soos byvoorbeeld by die bestudering van rugprobleme of by die opsporing van kankergewasse in pasiënte.

## Foto-uitstalling in Augustus

Die tyd kom nou vinnig nader vir Towerlantern Fotografie se jaarlikse foto-uitstalling. Jy word hiermee uitgenooi na die openingsgeleentheid tœ, of om die uitstalling andersins op jou eie tyd te besigtig. Die besonderhede is soos volg:

Datum: 14 tot 16 Augustus 2017.

Openingstyd: 14 Augustus om 18:00

Verdere besoeke: Dinsdag: 10:00-19:00 en Woensdag: 10:00-19:00

Plek: Blou Galery, Van Rooystraat 31, Potchefstroom

*Towerlantern Fotografie*  
- augustus 2017 -

# facebook & webblad

Onthou om van tyd tot tyd Towerlantern se Facebook en webblad te gaan besoek.

Jy sal allerlei wenke en idees daar teëkom. Die adresse is:

Facebook-adres: <https://web.facebook.com/towerlantern/>

Webadres: <http://www.towerlantern.co.za/>

## “Gevoel” in jou foto’s


Voel jy meermale dat jou foto’s iets kort? Jy neem natuurfoto’s en hulle wil nie “sê” wat jy wil sê nie. Uiteindelik gooi jy jou hande in die lug – as dit nie jou kamera ook is nie! – en stap onvergeens weg. Teleurgesteld.

Jy is nie die enigste persoon met wie so iets gebeur nie. Troos jou daaraan dat dit met alle fotografe gebeur. Dit help wel as jy gereeld oefen en as jy jou kreatiwiteitstegnieke toepas.

Dit is interessant om in dié verband te kyk na ’n skildery of twee van die skilder JH Pierneef, wie se werke deesdae ten duurste verkoop. Soos baie ander skilders het hy baie moeite gedoen om “gevoel” in sy skilderye te sit, eerder as om net ’n prentjie van die werklikheid te gee. En dit is miskien die belangrike wenk om te onthou.

Ons lees byvoorbeeld op die webblad NLA Design and Visual Arts (Argief Januarie 2013) die volgende beskrywing oor Pierneef se Suid-Afrikaanse landskappe (en vergelyk ook die foto hierby):

*We take it for granted that the camera shows us what is “real”, but it only captures a moment. Pierneef gives us a highly stylised version of the world, that conveys a reality far truer to our memory and our emotional recall of the South African landscape. What he shows in a landscape is how a particular moment impresses upon our senses and emotions when we first encounter an awe inspiring scene in nature. Often when we take a picture of what we see we are disappointed because it lacks the drama we remember.*



*JH Pierneef: Geskepte werklikheid met ligspel*


Let op na die ligspel in hierdie landskap. Probeer om met jou foto’s ook klem op lig te lê. Pierneef het met hierdie werk ver verby die werklikheid gegaan – en as’t ware ’n ander werklikheid geskep. (vervolg op volgende bladsy)

(vervolg van vorige bladsy) Begin en oefen dit! En om dié bespreking af te sluit: As jy wonder hoe lyk die regte werklikheid, en hoe vergelyk Pierneef se "werklikheid" daarmee, dan is dit die moeite werd om die volgende twee tonele met mekaar te vergelyk. Besluit dan self watter van die tonele het die grootste impak op jou en wat sal jy die langste onthou.

Natuurlik sê ons nie dat jy met jou fotografie tot so 'n uiterste toe moet gaan nie, maar laat dit vir jou 'n boodskap wees komende van 'n groot kunsmeester.



*JH Pierneef:  
Werklikheid en geskepte werklikheid  
(Rustenburgkloof)*



## *Volgende gevorderdevlak - fotografiekursus*

Ons volgende gevorderdevlak-fotografiekursus begin vroeg in September, en wel DV op 6 September 2017. Oorreed jouself en vriende om dié kursus by te woon. Hierdie kursus bestaan ook uit 10 klasgeleenthede en dit strek oor 10 maande, met een klas per maand. Die voordeel van hierdie kursus is dat jy jou fotografie-vaardigheid versterk en verskerp. Die feit dat daar die heelyd opdragte is om te doen het tot gevolg dat jy voortdurend in oefening bly. Moenie hierdie kans laat verbygaan nie!

Het jy geweet dat Towerlantern ook 'n aanlynkursus aanbied? Dieselfde kursus, maar in die gerief van jou huis. Enige plek in die wêreld! Stuur 'n [e-pos](#) vir meer inligting.

**Redakteur:** Johan de Klerk **Bladuitleg:** Fransa Vorster van Colourcode Designs